# DIE SKIETLOOD

243e Uitgawe 17 Oktober 2025

saam met Koersvas 243

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Teks**

**Sondag 4**

**Vraag 10**: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

**Antwoord: Nee, glad nie. Inteendeel, sy toorn is verskriklik,** (***Genesis 2:17*** *"maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."* ***Romeine 5:12*** *"Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.")* **sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen. Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf"** (***Psalm 50:21*** *"Moet Ek stilbly as jy sulke dinge doen? Dan sal jy dink Ek het soos jy geword! Nee, Ek eis rekenskap van jou, Ek kla jou aan*! ***Nahum1:2*** *Die Here is 'n God wat baie begaan is oor sy volk, 'n God wat Hom wreek. Die Here wreek Hom in sy gloeiende toorn, die Here wreek Hom op sy teëstanders, sy toorn ontvlam teen sy vyande."* ***Eksodus 20:5*** *Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,"* ***Romeine 1:18*** *"God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk."* ***Efesiër 5:6*** *"Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is").* **Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie** (***Deuteronomium 27:26*** *"Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie hierdie wet onderhou en nie daarvolgens lewe nie! "Dan moet die hele volk antwoord: 'Amen!'"* **Galasiërs 3:10** *" Maar almal wat staatmaak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie*.")

**Kommentaar**

**Vraag:** Hierdie vraag bou op die vorige vraag en antwoord wat die mens duidelik uitgewys het as sondaar wat nie anders doen nie. Die mens is totaal verlore. Die dimensie van straf tree nou op die voorgrond met hierdie vraag. Die aard en die omvang van straf moet ondersoek word. Die straf wat by so 'n bestaan pas, is die ewige straf. Die sondaar verdien om onmiddellik gestraf te word. Die feit dat dit nie gebeur nie, gee aanleiding tot hierdie vraag.

**Antwoord:** Hierdie perspektief op straf – uitgestelde straf – is van belang. God straf geregverdig, proporsioneel tot die oortreding, beslis.

Geregverdig – Elke sonde, hoe klein dit ook mag lyk vir ons - en in die groter prentjie, is steeds ‘n vergryp teen die Wet van God. Om selfs die kleinste wet te oortree, beteken om die Wet te oortree.

Proporsioneel – Die ewige dood is die proporsionele straf vir ‘n oortreding teen die Ewig-goeie.

Beslis – God is regverdig en handel nie na willekeur nie. Sy Woord is Sy eer. Dit wat deur die Wet as oortreding uitgewys word, moet en sal gestraf word. Galasiërs 3:10 *“Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie*.”

Dit lyk natuurlik nie so indien ons na hierdie wêreld kyk nie. Die bose leef astrant arrogant asof straf hulle nooit sal inhaal nie. Hulle ignoreer die slegte wat met hulle gebeur, of steek dit weg. Die gemeenskap kan vanselfsprekend ook nie aanspraak maak op kennis rakende daardie mense se knaende gewetenswroeging – of nie. Die ware perspektief kom eers na vore by die finale oordeel. Dan lyk - die selfs lewenslange - wegkom met alles wat boos is soos een stonde in ewigheid. Die ewige oorskadu enige tydperk.

Dit is waar dat God nie die dood en die bose geskep het nie. God het egter die moontlikheid in die vorm van ‘n waarskuwing gegee. Daar is meer as die goeie wat geskep is, maar aanvanklik is net die goeie geskep. Met ander woorde die bose was nie deel van die skepping nie, dit is in die skepping ingesleep deur die mens in sy strewe om self God te word. Onlosmaaklik aan die sonde gekoppel – by wyse van Goddelike woord – is die dood, Genesis 2:17 “*Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet,* sterf jy.” 1933 Vertaling: “*maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy <u>sekerlik</u> sterwe*:”

Die ellende van hierdie lewe en die straf van die ewige dood, is alles deel van die een straf, dit bestaan net uit verskillende dele. Dit is sinneloos om sonde op te breek in terme van effek. Dit is ewe eens sinneloos om die onderskeid tussen klein en groot sondes te koppel aan klein en groot strawwe. God straf die sonde, is die een sin wat die hele saak omskryf. Die tyd van daardie straf en die finale aard van daardie straf is ook klaar duidelik.

Die implikasie is dat ons almal moet sterf. Dit is inderdaad die korrekte gevolgtrekking. Dit is egter God wat in genade iets in Christus moontlik maak. Hierdie genade in Christus maak dat ons met ander oë na die ellende van hierdie bedeling moet kyk. Ellende is nou net ernstige aanspreek of die gevolg van die gebroke wêreld.